# Spaar jy genoeg?

Kry die meeste uit spaar-opsies vir aftrede

Die meeste mense weet nie hoeveel hulle bydra tot hul aftreefondse nie. Hulle glo, omdat hulle wel iets spaar, dat hulle genoeg sal hê om hul aftrede te dek. Min mense spaar egter die aanbevole 15%.

## Hoekom ons nie genoeg spaar nie:

- Die koerse vir bydraes word op die basiese salaris bereken pleks van op die totale vergoedingspakket
- Maatskappy-bydraes sluit gewoonlik sterftevoordele en verwante ongeskiktheidsvoordele in. Hierdie bedrae word van die bydrae afgetrek voordat die balans vir aftrede gespaar word.

## Pensioenfonds

As jy lid is van 'n pensioenfonds, kan jy 7.5% van jou salaris belastingvry bydra en jou werkgewer kan boonop 'n belasting-aftrekking op sy bydraes eis.

Maatskappye laat gewoonlik die keuse aan werknemers oor van hoeveel hulle wil bydra en mense is geneig om dikwels 'n kleiner bydrae te kies omdat hulle 'n groter porsie van die pakket wil huis toe neem.

**Maak seker dat jy die grootste moontlike bydrae maak.** Jou maatskappy se pensioenfonds is die doeltreffendste manier om te spaar, omdat die maatskappy gewoonlik die verskuldigde gelde op die fonds betaal.

## Voorsieningsfonds

As jy aan 'n voorsieningsfonds behoort, maak jou maatskappy namens jou die bydrae.

Die maatskappy is in staat om tot 20% van jou salaris by te dra. Hierdie bydrae is ingebou in jou koste-vir-maatskappy-pakket. Weer eens is dit dikwels die geval dat mense 'n groter gedeelte wil huis toe neem en derhalwe verkies om 'n kleiner bedrag aan die voorsieningsfonds te betaal.

**Kyk weer na jou salarispakket:** vir elke rand wat jy spaar, word tot 40c deur die belastinggaarder befonds.

## Aftree-annuïteit (AA)

As jou maatskappy nie 'n pensioen- of voorsieningsfonds aanbied nie, kan dit steeds 15% van jou salaris namens jou tot 'n AA bydra. Mense wat vir hulself werk, kan ook tot 15% van hul inkomste na belasting-aftrekkings in 'n AA stort. Ongelukkig wys navorsing dat slegs omtrent 3% van die mense wat hul eie ondernemings het, genoeg spaar vir hul aftrede.

Jy kan ook jou pensioen- of voorsieningsfonds aanvul met 'n AA. Die belastingvoordeel is egter net van toepassing op jou nie-pensioendraende salaris of 'n maksimum van R1 750. Die nie-pensioendraende salaris verwys na die "ekstras" of byvoordele wat jy ontvang. Jy kan dus byvoorbeeld, indien jy 'n bonus ontvang, 15% daarvan belastingvry in 'n AA belê. As jy 'n motortoelaag en mediesefonds-toelaag ontvang, kan jy 15% van die waarde daarvan in 'n AA belê.

**Praat vandag met jou finansiële adviseur oor jou spaar-opsies vir aftrede.**

*“Die Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer in terme van die FAID-wet (Lisensie no. 2409). Die inligting wat in hierdie kommunikasie vervat is, insluitend die aanhangsels, moet nie as advies beskou word nie, in terme van die Finansiële Advies- en Intermediêre Dienstewet van 2002 (“FAID”), aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty is, nòg ‘n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer soos in die FAID uiteengesit. Raadpleeg asseblief jou finansiële adviseur indien jy advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*